
POËSIETERAPIE - 'N TERREINVERKENNING EN TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE DAARVAN IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

Leti Kleyn

Research Assistant, Unit for Creative Writing, University of Pretoria
leti.kleyn@up.ac.za

Henning Pieterse

Head of the Unit for Creative Writing, Unit for Creative Writing, University
of Pretoria
henning.pieterse@up.ac.za

ABSTRACT

This article provides an overview of the field of poetry therapy by focussing on its origin in ancient civilizations, its earlier uses – which emphasise the therapeutic value of poetry – and the establishment of the worldwide National Association for Poetry Therapy (NAPT).

Definitions of the term poetry therapy are provided, and the difference between bibliotherapy and poetry therapy is explained with reference to the bibliotherapy model of Hynes and Hynes-Berry (1986). The functions and uses of poetry therapy are also indicated, with references for further research.

The guidelines used by therapists in choosing usable texts, which is a determining factor in the success of poetry therapy, are set out. Finally, a list is provided of a few recent projects, institutions and individuals in South Africa who contribute to community development by using writing as therapy.

Key words:

poetry therapy, bibliotherapy, creative writing

*Give sorrow words; the grief that does not speak
Whispers the o'erfraught heart and bids it break.*

William Shakespeare (*Macbeth*, IV, iii)

INLEIDING

In die Afrikaanse digkuns verskyn daar onlangs gedigte wat met traumatisiese gebeure soos die 11 September-aanvalle op die World Trade Centre verband hou. Voorbeeld hiervan is Joan Hambidge se “Foto: man wat val” in die bundel *Ruggespraak* (2002) en Breyten Breytenbach se “New York, 12 September 2001” in die bundel *Windvanger* (2007). “Some catastrophes are so large, they seem to overwhelm ordinary language [...]” beskryf Carroll (2005:161) poësieterapie wanneer sy na die aantal gedigte wat ná die 11 September 2001-aanval op die World Trade Centre in winkelvensters, parke, op bushalte, letterlik oral in New York verskyn het, verwys. Dit is ’n fenomeen wat ook ná die verwoesting van orkaan Katrina in Maart 2006 voorgekom het. Carroll verduidelik voorts: “My job as a poetry therapist is to help use poetry and voice to help people get access to the wisdom they already have but cannot experience because they cannot find the words in ordinary language.”

Nie net poësie nie, maar ook ander gebiede in die kreatiewe skryfkuns word oor die eeue reeds vir terapeutiese doeleinde en persoonlike ontwikkeling gebruik. Hoewel dit ’n antieke Joodse gebruik was om psalms vir die siekes voor te lees (Owens, 2005), is daar ook verwysings na die emosionele responsaard van die Haikoes uit die Japanneese letterkunde (Abrams, 2005:120) en verwantskap met die Griekse ryk: “The word *therapy* [...] comes from the Greek word *therapeia*, meaning to nurse or cure through dance, song, poem and drama, that is the expressive arts”. Longo (2005) en Bolton (1999) verwys ook na Apollo wat god van beide poësie en medisyne was. Volgens die National Association of Poetry Therapy (NAPT, 2007) se webtuiste dateer die ontstaan terug na ’n tydperk millennia voor Christus. “[Poetry therapy] may be traced back to primitive man, who used religious rites in which shamans and witchdoctors chanted poetry for the well-being of the tribe or individual. It is documented that as far back as the fourth millennium B.C.E. in ancient Egypt, words were written on papyrus and then dissolved into a solution so that the words could be physically ingested by the patient and take effect as quickly as possible.”

SKRYF AS TERAPIE

Die konsep “poësieterapie” hou verband met ’n sosiale funksie van “literatuur” waarvan nie bloot die terapeutiese, maar ook literêre teoretici bewus is. T.S. Eliot (1957:20) is oortuig daarvan dat: “[i]n expressing what other people feel, [the poet] is also changing the feeling by making it more conscious; he is making people more aware of what they feel already, and therefore teaching them something about themselves” Of, soos Shelly skryf in sy *Defence of Poetry* (1840) (aangehaal in Cartwright, 1996:390): “Every author is necessarily a poet, because language itself is poetry”— ’n mening oor die gebruik(e) van taal wat ondersteun word deur onder meer Carroll (2005), Bowman (2004) en Bolton (1999).

In die sielkunde is die verband tussen poësie en geestesgesondheid vroeg reeds erken in die werke van Freud, Jung en Adler, asook die gebruik daarvan in die Gestalt-teorie, soos dit in vroeë studies van Perls, Hefferline en Goodman in 1971 en Zinker in 1977 voorkom (Mazza, 2003). Poësieterapie se gewildheid en bruikbaarheid lê in die kommunikasiewaarde daarvan en word as die literêre eweknie van die Rorschach-inkkladtoets beskou (Spring, 2003). Maar, soos Edgar en Hazley (1969b:262) waarsku: “It is not the purpose [...] to train people to the idea that the creative act can be accounted for by psychological analysis. That act, as Jung has said, will forever elude human understanding. It *is* the purpose to provide those interested with the tools by which they may be able to understand more profoundly and communicate more meaningfully to those who are disturbed or who function inadequately the important and permanent truths that are to be found in poetry” [oorspronklike kursivering].

Terapeutiese skryfwerk (soos ’n dagboek, webjoernaal, skriptoterapie, literaterapie, vryskryf, reflektiewe skryfkuns, cuento-terapie, lees- en sekere vorme van narratiewe terapie) kan as ’n vorm van professionele hulp onder leiding van ’n terapeut, óf as ’n hulptegniek vir individue gebruik word. “[Writing] is therapeutic because the writing hand not only knows what the thinking mind doesn’t but also knows how much that mind, as well as the feeling heart, can bear to face,” verduidelik Bolton (2000:99). In hierdie verband verduidelik Bowman (2004:226): “[W]riting is quite simply the medium in which, for many people, the deepest, most effective, and most profound healing can take place”.

Poësieterapie as gerekende en bestaande veld is egter geen nuutjie nie. Die oorsprong van hierdie veld lê in die domein en die gebruik van biblioterapie – ook in die Suid-Afrikaanse konteks.

DIE VERBAND TUSSEN POËSIETERAPIE EN BIBLIOTERAPIE

Die term “biblioterapie” is lank voor die bewuswording van poësieterapie as ’n gerekende en erkende veld gemunt en die term is daarom meer algemeen in gebruik. Hoewel poësieterapie oorspronklik as ’n vorm van biblioterapie in die laat-1960’s en vroeë-1970’s ontstaan het, beskou verskeie teoretici biblioterapie (steeds) as sinoniem vir poësieterapie (vergelyk Pehrsson en McMillen, 2005; Pienaar, 2005; Ihanus, 2005 en 1998). Biblioterapie is “literature [that] has been incorporated in numerous ways such as reading, storytelling, story writing, oral reading by therapists, silent reading, shared reading, assigned reading, information gathering and reaction writing” (Crothers, aangehaal in Pehrsson en McMillen, 2005). In die geval van biblioterapie val die klem eerder op die *lees* as die *skryf* van tekste, hoewel daar tog melding van skryfaksies gemaak word.

Biblioterapie of leestekste vir die gebruik daarvan moet nie verwarring word met sogenoamde selfhelpboeke, wat vir kitsoplossings aangewend word nie. Holmes (2004:39) verduidelik: “[B]ibliotherapy is the use of *established* literature to help us understand our own actions, feelings or emotions. Self-help books are written specifically to address problems and to suggest ways of coping with them” [outeurs se kursivering].

Nicholas Mazza, kenner van, en navorser op die gebied van poësieterapie vir langer as 27 jaar en tans die redakteur van die *National Journal of Poetry Therapy*, dui die verband tussen dié twee terme aan deur verwysing na Hynes en Hynes-Berry (1986) se onderskeid tussen leesbiblioterapie, wat voorgeskrewe leeswerk behels, en interaktiewe biblioterapie, wat rondom die deelnemer-literatuur-fasilitateerdeerder-model sentreer. Volgens Mazza (2003) kan hierdie laasgenoemde interaktiewe biblioterapie as sinoniem vir poësieterapie gebruik word. Vir meer onlangse navorsing oor en variasies op die term “biblioterapie”, vergelyk Ihanus (2005, 1998), Pienaar (2005) en Schoeman en Van der Merwe (1996).

DIE TERM “POËSIETERAPIE”

Die webtuiste van die NAPT (2007) omskryf “poësieterapie” as “the intentional use of the written and spoken word to facilitate healing, growth and transformation”. Lauer (1978:72) definieer poësieterapie egter in terme van die intrinsiese waarde van *poësie* en *terapie* onderskeidelik: “Therapy denotes a procedure to prevent or alter an ailment, and poetry, taken broadly, refers to writing that appears as spontaneous, graceful, expressive and beautiful. Poetry therapy can then be defined as a method of treating emotional disturbances in which beautiful writing is listened to and/or

created. When poetry is used for the purpose other than for treating ailments [...] the term ‘poetry therapy’ would not apply.”

Vir Lerner (1991:213) is die definisie ook gekoppel aan die gebruiklikheid daarvan onder individue en in groepsverband, veral in psigoterapie: “The use of a poem in therapy may enable the person to facilitate his or her own understanding of feelings and lifestyle. [...] The poem may act as a catalyst through which emotions are filtered, as an interpretation, as a projective instrument, and even as a dream. In general, there is usually a good deal of emotional safety when the patient is exposed to poetry in psychotherapy.”

Daar is ’n bewese verband tussen skryf en die veld van terapie. Die verwarring ontstaan egter by die tipe materiaal wat bekendstaan en gebruik word as “poësie”. Die NAPT (2007) gebruik “all forms of literature and the language arts” al word daar na die term “poësieterapie” verwys. Golden (2000:129) dui aan dat terapeute “poësie” en “literatuur” as wissel terme gebruik: “[I]n the broadest sense: they [therapists] include poetry, song lyrics, plays, short stories, fairy tales, novels, essays, magazine articles, and film.”

Poësieterapie kan as die letterkunde-been van ’n geïntegreerde kuns-terapiebenadering beskou word, wat as “ekspressiewe terapie” bekendstaan. Malchiodi (2005) se bespreking van ekspressiewe terapië sluit kuns-, musiek- en dans-bewegingsterapie, dramaterapie (ook genoem psigodrama), poësie-, speel- en sandkasterapie in. Die omvang van die komplekse veld van skryfterapie en die klein nuanseverskille wat daar in hierdie veld bestaan is só klein dat terme maklik sinonieme word.

Poësieterapie behels die gebruik van literatuur (in die breë sin van die woord) as ’n kommunikasiehulpmiddel tydens terapiesessies. Die gebruik van literatuur in hierdie konteks behels die *skryf* en *lees* van tekste (poësie- en biblioterapie onderskeidelik) en visuele materiaal as terapeutiese hulpmiddels. Dié materiaal word binne ’n beheerde terapeutiese omgewing deur individue of in groepsverband vir terapeutiese doeindes gebruik, en dit kan onder “ekspressiewe terapie” gekategoriseer word. Die gebruik van poësie vir terapeutiese doeindes word slegs gebruik as sekondêre hulpmiddel tydens terapie, eerder as ’n vorm van terapie op sigself.

FUNKSIES EN GEBRUIKE VAN POËSIETERAPIE AS SEKONDÊRE HULPMIDDEL

Mazza (2003) bespreek die verskeie gebruikte van poësieterapie, asook die omstandighede waarin dit gebruik kan word breedvoerig in *Poetry Therapy*:

Theory and Practice, en lig dit toe met voorbeeld van die gebruik daarvan deur individue sowel as in groepsverband, gesinsterapie, terapie met kinders en adolessente, kliënte/pasiënte met selfmoordneigings, slagoffers van gesinsgeweld, bejaardes, en diegene wat aan verslawing ly.

Heelwat ander navorsing en gevallestudies dui ook op uitgebreide moontlikeheid van die bruikbaarheid van hierdie terapeutiese tegniek, waaronder die volgende:

Poësieterapie kan aangewend word om gemeenskapsontwikkeling te bevorder deur

- mense bewus te maak van rassisme, en empatie by verskillende bevolkingsgroeppe aan te kweek (Ingram, 2003; Stepakoff, 1997);
- empatie by kliënte/pasiënte sowel as gesondheidswerkers in moeilike omstandighede aan te moedig (Springer, 2006; Furman, 2005; Graham-Pole, 2005);
- bejaardes te begelei wat probleme daarmee ondervind om die verouderingsproses te aanvaar (Warren, 2005);
- as 'n skryfprogram, individue op 'n natuurlike en "gesonde" manier by hulle gemeenskap te laat baat vind (Amsel, 2003) en 'n sterker gemeenskapsgevoel tot gevolg te hê (Papadopoulos, 1999);
- maatskaplike probleme, soos seksuele geweld, alkohol- of dwelm-middel-afhanklikheid aan te spreek (Springer, 2006; Gillispie, 2001; Alschuler, 2000; Howard, 1997).

Poësieterapie kan ook (byvoorbeeld in kombinasie met kuns- of bewegingsterapie) gebruik word in die geval van kinders of adolessente wat aan aandag-afleibaarheidsindroom of autisme ly, kinders wat aan risiko's bloot-gestel is, leerprobleme ervaar, moeilik beheerbaar is, en woede-uitbarstings kry (Spring, 2003).

Poësieterapie kan kliënte/pasiënte blootstel aan beter emosionele gesondheid deur

- hulle meer bewus te maak van die emosies wat hulle ervaar en hulle te leer om hierdie emosies reg te identifiseer en te hanteer (Mazza, 2003);
- hulle vaardighede aan te leer om hulle emosies beter te verwoord (Hoek, 2005);
- stres en spanning te verlig (Mazza, 2003; Blanton, 1969).

Poësieterapie is veral bruikbaar in die geval van kliënte/pasiënte wat

- as traumapasiënte geïdentifiseer kan word (Springer, 2006; Lindner, 2004);
- 'n behoefte aan vertroosting het (Hoek, 2005; Spring, 2003; Blanton, 1969);
- deur lewensverandering of besluitnemingsprosesse gaan (Blanton, 1969);
- liefdesteleurstellings beleef, verward, bang, ontmoedig of angstig is (Blanton, 1969).

Poësieterapie kan gebruik word om persoonlike groei en ontwikkeling in die hand te werk en kan daar toe lei dat kliënte/pasiënte

- groter selfdefiniëringsvermoëns ontwikkel en 'n duideliker, meer verstaanbare beeld van die wêreld vorm (Gustavson, 1999);
- bewus gemaak word van onveranderbare realiteite en hulle tot die aanvaarding daarvan te lei (Hoek, 2005);
- beter selfbeelde ontwikkel (Gillispie, 2005; Hoek, 2005; Spring, 2003; Papadopoulos, 1999);
- 'n groter bewusstheid van die self ervaar deur aanmoediging tot selfopenbaring en beter selfkennis ontwikkel (Hoek, 2005; Pienaar, 2005; Spring, 2003; Golden, 2000);
- 'n gevoel van selfbemagtiging (Papadopoulos, 1999) en bekwaamheid (Meunier, 1999) ontwikkel;
- selffactualisering bereik (Roy, Casanova en Jerath, 2004; Perakis, 2000) en hulself daardeur ontdek (Gillispie, 2001);
- meer optimisties is (Hoek, 2005);
- se lewenskwaliteit verbeter (Meunier, 1999);
- groter verantwoordelikhedsin ontwikkel (Blanton, 1969);
- verbeterde dissipline en selfdissipline aan die dag lê (Bolton, 2007);
- kreatiwiteit en spontaneïteit ontwikkel (Bolton, 2007; Hoek, 2005).

Kliënte/pasiënte met sielkundige kondisies en psigopatologie (Sawyer en Hunter, 2004; McArdle en Byrt, 2001; Tamura, 2001; Smith, 2000; Bjorklund, 1999; Bolton, 1999) kan baat by die gebruik van poësieterapie omdat dit

- 'n positiewe invloed het tydens die behandeling van depressie (Bolton, 1999; Blanton, 1969);
- waarskuwingstekens by adolessente wat wil selfmoord pleeg, identifiseer (Mazza, 2003);
- tot 'n verbetering van algemene geestesgesondheid lei (Springer, 2006).

Poësieterapie dra ook by tot

- 'n sterker gevoel van orde in chaotiese tye (Mazza, 2003; Berger, 1969);
- die vorming van helder gedagtes (Pienaar, 2005) en verbeterde insigte (Pienaar, 2004; Gillispie, 2001);
- die afbreek van weerstand tydens terapie (Mazza, 1981; Schloss en Grundy, 1978);
- die verbeterde verwerking en organisering van persoonlike ervarings (Gillispie, 2001).

Deur beter selfkommunikasie aan te moedig, word verbeterde kommunikasie en persoonlike interaksie aangemoedig (Bolton en Latham, 2004), wat

- aangewend kan word tydens ondersoeke na kommunikasiepatrone (Mazza, 1981);
- verbeterde kommunikasie van probleme en situasies verseker (Hoek, 2005);
- pasiënte aanhelp wat hulself moeilik verbaal uitdruk (Ospina-Kammerer, 1999);
- beheerde kommunikasieprosesse skep (Schloss en Grundy, 1978).

Beter interpersoonlike kommunikasievaardighede bring beter interpersoonlike verhoudings teweeg (Gillispie, 2005), wat

- tot beter gesins- en groepsinteraksie lei (Hoek, 2005 en Mazza, 1981);
- groter groeps spontaneiteit in die hand werk (Gillispie, 2001);
- groepsinteraksie stimuleer (Golden, 2000);
- help om vrese vir isolasie te oorbrug (Crootof, 1969).

Poësieterapie lei ook tot

- verbeterde probleemoplossing (Hoek, 2005; Davis, 1978),
- verbeterde kreatiewe, alternatiewe probleemoplossing (Hoek, 2005; Díaz de Chumaceiro, 2000), en bring meer perspektief en insig teweeg, wat probleemoplossing moontlik maak (Pienaar, 2005).

Poësieterapie kan suksesvol in 'n wye verskeidenheid situasies vir probleemoplossing en terapeutiese ordening gebruik word, ook in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Die aanwending strek heen oor die grense van ouderdom, geslag, ras en kultuur, mits bruikbare tekste met groot omsigtigheid gekies word, ten einde identifisering te verseker. Die enkele belangrikste bepalende faktore vir die keuse van tekste is dat dit 'n bydrae tot die terapeutiese proses behoort te lewer sonder om aanstoot te gee of verwarring

te veroorsaak. Vervolgens word die riglyne waarvolgens hierdie tekste gekies moet word, uiteengesit.

DIE KEUSE VAN TEKSTE

Die uitgangspunt van Leedy (1969) se “isobeginsel” bepaal dat die inhoud en “gevoel” van ’n teks aansluiting moet vind by die kliënt se emosionele toestand. Die gebruik van ontoepaslike materiaal kan negatiewe gevolge vir die terapeutiese proses inhou: “Intense feelings may be intensified by the misuse of strong metaphors and poetry” (Springer, 2006:79-80). (Vergelyk o.m. Oaklander (1988) en Keats (2007) met betrekking tot die keuse van tekste vir kinders en adolessente volgens hierdie beginsel.)

Kramer (1969) wys daarop dat die sukses of bruikbaarheid van tekste soms deur die skrywers se status in die literêre en sosiale gemeenskap bepaal word, en sowel hy as Crootof (1969) verwys na die band wat tussen die leser en die skrywer ontstaan as daar ’n bewustheid van “gedeelde” omstandighede met ’n skrywer of karakter is. Juis daarom meen Crootof (1969) dat gevvestigde skrywers ’n groot rol kan speel by die aanmoediging van kliënte/pasiënte.

Eienskappe waaroor tekste behoort te beskik, en riglyne wat gevolg kan word by die oorweging van materiaal vir poësieterapie, sluit o.m. die volgende in:

- Gedigte moet beeldryk wees. Poësieterapie steun swaar op die gebruik van poëtiese eienskappe (soos o.m. metafore) (Gillian, Gillian en Rossiter, 1999).
- Die slotreëls van gedigte moet ’n element van hoop bevat, selfs al is die algehele inhoud nie hoopvol of positief nie (Golden, 2000). Veral die Bybelse Psalms is gewild, juis omdat die meeste daarvan op ’n hoopvolle noot afsluit (Owens, 2005).
- Die betrokke tema moet universeel en positief aangespreek word, sodat die kliënt/pasiënt met die inhoud kan identifiseer en maklik ’n korrelasie tussen die materiaal en eie ervarings kan tref (Leedy, 1969).
- Gedigte moet aan die kliënt/pasiënt se behoeftes voldoen, of direk op sy of haar situasie betrekking hê. Daar moet egter in ag geneem word dat kultuur- en rasseverskille ’n rol kan speel in die interpretasie van tekste.
- Die tekste moet maklik verstaanbaar wees. As dit moeilik interpreteerbaar is, die gegewens of die gebeure onduidelik is, óf te veel abstrakte beskrywings voorkom, kan dit die terapeutiese proses belemmer (Howard, 1997; Edgar en Hazley, 1969).
- Gedigte moet die leser se aandag eerder op die klank as die inhoud daarvan vestig (Parker, 1969). Gedigte wat te swaar op rymstruktuur steun, werk egter nie altyd goed saam met die “vryvloeiende ekspressie”

wat in die kliënt/pasiënt se eie skryfwerk aangemoedig word nie (Oaklander in Roodt, 2006:33).

- Lang en epiese gedigte moet vermy word. Die verse moet bondig wees, sodat die kliënt/pasiënt maklik 'n geheelbeeld daarvan kan vorm (Kramer, 1969).

Poësieterapie is afhanklik van die korrekte terapeutiese omstandighede, kliënte/pasiënte wat geskik is vir of aanklank sal vind by hierdie vorm van terapie; en die keuse van die "regte" tekste. Hierdie keuse moet daarom met die nodige omsigtigheid gemaak word ten einde die kernwaarde van poësieterapie te ontgin. In veral die Suid-Afrikaanse konteks is daar die uitdagings van bruikbare tekste binne meervoudige kulture, en daarom meertaligheid wat oorbrug moet word. Buiten die belangrikheid van die keuse van tekste, is daar ook algemene probleme, argumente en misbruiken wat in die volgende afdeling ondersoek sal word.

PROBLEME MET, ARGUMENTE TEEN, EN MISBRUIKE VAN POËSIETERAPIE

"Poetry is not, in itself, therapeutic; it could indeed be dangerous. Poetry therapy relies heavily upon the actions of an individual therapist, with poetry simply a tool in the analytical process to engage the patient" (Lee, 2006:94). Sou daar egter gekyk word na probleme en teenargumente wat geredelik geopper word, word dit duidelik dat 'n ernstige bewusmakingsproses nodig is, wat gebruikers sowel as aanbieders noop om hierdie hulpmiddel met groot omsigtigheid te benader.

Dit is van die uiterste belang om die volgende in ag te neem wanneer besluit word of poësieterapie 'n geskikte medium is:

- Kliënte/pasiënte met 'n patologie of kroniese depressie, 'n ernstige graad van versteurdheid of 'n psigose, óf wat aan posttraumatisestress-syndroom ly, kan nadelig deur poësieterapie beïnvloed word (Howlett, 2004).
- Kliënte/pasiënte met 'n vorm van skisofrenie is aan spesifieke risiko's blootgestel, en poësieterapie kan in sulke gevalle tot ernstige verwarring en verslegte omstandighede bydra (Lauer, 1978).
- Kliënte/pasiënte met literêre ambisies kan werklike probleme ontduiik deur die terapieproses in die geheel te ondermyn. Edgar en Hazley (1969:118) meen poësieterapie "would possibly increase the protecting arrogance and magnify the discrepancy between actual and idealised self".

- Groepspoësieterapie kan skadelik wees vir individue wat dit moeilik vind om hulleself in groepsverband uit te druk, of wat verlore raak in die groepsinteraksie deur hulle aandag weg te laat lei van hulleself en wat sodoende ook die groepproses ondermyn (Greenwald, 1969).
- Kliënte/pasiënte se persoonlike omstandighede is 'n bepalende faktor: Beperkte intellektuele vermoëns kan byvoorbeeld tot gevolg hê dat kliënte/pasiënte moeilik lees of verstaan, en dan onkundig voel wanneer daar met tekste gewerk word (Forrest, 1969). Fisiese gebreke (soos swak sig of gehoor) en emosionele omstandighede (soos slechte ervarings of herinneringe aan poësie) kan ook die proses belemmer (Mazza, 2003; Gillispie, 2001).

Poësieterapie op sigself is nie 'n alleenstaande vorm van terapie nie. Soos reeds genoem, is die oorheersende beskouing dat dit bloot die aanwending van teksmateriaal as kommunikasiehulpmiddel tydens terapeutiese sessies is. Forrest (1969:249) waarsku teen wanpersepsies wat hieroor kan ontstaan en beklemtoon die gebruik daarvan as *sekondêre hulpmiddel*: “[O]ne ought to be prepared to relinquish poetry, however interesting or beautiful it has been, in favour of direct speech when the patient is able.” Lauer (1978:72-80) beskryf die wanopvatting oor poësieterapie: “[P]oetry therapy has been used primarily to express practitioner zeal, has been applied indiscriminately, and has been preferred by incompetents.” (Roodt (2006) en Bowman (2004) en Lauer (1978) kan verder geraadpleeg word vir gevallestudies oor die wanaanwending van poësieterapie.)

TOEPASSING IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

Die Suid-Afrikaanse konteks gaan mank aan inligting oor poësieterapie. Die term “Poetry therapy” as soekstring lever enkele algemene resultate op die internet en databasisse op, wat wissel van die naam van 'n vakansiehuis tot 'n vorm van pastorale berading. Dit wil egter voorkom of skryf vir terapeutiese redes stadig die populêre Suid-Afrikaanse media binnedring (sien ook Vaandrager en Pieterse, 2008 in die verband). Daar is 'n definitiewe bewustheid van die terapeutiese waarde van skryf, hoewel dit nie oor “amptelike” gebruikstatus in die Suid-Afrikaanse konteks beskik nie. Om enkele voorbeeldte te noem: 'n uitgawe van *Vrouekeur* (Meyer, 2007:22) berig oor die terapeutiese waarde van die skryfproses in 'n omvattende stap-vir-stap-selfhelpartikel met die veelseggende titel: “Skryf jou gesond in 4 weke”; 'n margarienadvertensie op televisie handel oor die gebruik van 'n webjoernaal as medium waarbinne kreatiwiteit uitgeleef kan word; in die gewilde sepie *7de Laan* vertrek Emma Lategan op aanmoediging van haar sielkundige na Spanje vir skryfterapie, en die Hollywood-produksie *Freedom*

Writers (gebaseer op 'n ware verhaal), waarin skryfterapie onder die loep kom, is onlangs landswyd in filmteaters vertoon en die boek waarop die verhaal gebaseer is, in boekwinkels bemark.

In 'n onderhou met Mariana Malan (2007) beskryf die sanger en skrywer Koos Kombuis sy behoefté aan skryf as 'n manier om uiting te gee aan sy "kulturele bankrootskap, 'n soektog na 'n geestelike tuiste". Kombuis sê: "'n Algemene gevoel van verlies aan identiteit klink na drank- of selfmoordsake." Malan se mening hieroor is dat "Koos Kombuis ... 'n ander alternatief gekies [het]. Hy het rockliedjies geskryf en 'n konsert beplan, al dra dit nou die dubbelsinnige naam Rock Bottom." Kombuis beskryf sy ervaring: "Ek voel nou lewendiger as in 'n lang tyd, amper weer honderd persent mens. Dit was goed om my wanhoop in liedjies uit te druk."

Prins (2007a:12) skryf in die slotrubriek van *DigBy* (weeklikse poësieplasing in *Beeld*, *Volksblad* en *Die Burger*): "As mens één tema moet uitsonder waaroer baie mense geskryf het, is dit kanker. Om dié pyn kreatief in poësie te verwoord is werklik 'n kuns, en die meeste van die bydraers het *DigBy* ongelukkig nie gehaal nie." In korrespondensie met Prins (2007b) verduidelik hy dat die grootste aantal verse om terapeutiese redes geskryf word: "Mense het dikwels nie 'n werkbare uitlaatklep vir die trauma wat met iets soos kanker gepaardgaan nie en wend hulle dus tot 'n binnekamerwroeging wat soms met skryf gepaardgaan. Hoewel nie altyd te suksesvol nie." Ander herhalende temas wat hy uitwys, is dié van godsdiens, verse wat verband hou met die pyn van egskeiding of die dood van 'n eggenoot, die liefde (insluitende erotiek en seks), buitestanderskap, geweld, verkragting, depressie, vrouwees en manwees.

Tydens die apartheidsregering se dodelike sensuurwetgewing is daar ook op die "terapeutiese" waarde van letterkunde gereken: "Literary magazines with a sophisticated likely readership have been found to be not undesirable in spite of poems and other material expressing hatred against the authorities. Such publications were regarded as a *useful safety-valve for pent-up feelings* in a milieu where they would be understood not as a call to political violence but as a literary experience" [outeurs se kursivering] (Van Rooyen, 1987:114). In 'n selfhelpgids vir jong skrywers beskryf Martie Preller (2003:33) die waarde van skryf as "'n besonderse manier om jouself te leer ken".

Hoek (2005:23) sê tereg: "Poetry therapy is virtually unexplored within the South African context." Waarom die tekort aan Suid-Afrikaanse akademiese materiaal op hierdie gebied? Daar bestaan tans drie verhandelings wat

melding maak van die term “poësieterapie”: Pienaar (2005), Roodt (2006) en Hoek (2005), en enkele koerant-, tydskrif- en akademiese artikels (as dié oor biblioterapie uitgelaat, maar “skryfterapie” en “traumaverwerking” in die letterkunde bygereken word) wat oor hierdie onderwerp handel.

Verdere probleme met die opspoor van inligting wat betrekking het op die Suid-Afrikaanse konteks blyk grootliks daarvan te wyte te wees dat sommige voorbeele van poësieterapie ongedokumenteerde “gemeenskapswerk” is wat plaasvind in inrigtings vir geestesversteurde pasiënte, bejaardesorgsentrums, skole, hospitale en tronke. Enkele voorbeelde waaroor daar wel inligting beskikbaar is, is die volgende:

Instansies

- **The Healing Word** – ’n instansie in Katlehong wat die “The Healing Word”-projek onder leiding van die digter en onderwyser Angifi Dladla bevorder. Hy verduidelik: “We are called the Wounded Healers, because the writing process itself leads to self-discovery. Once a person has discovered himself or herself, the pain is over. We are not deliberately aiming at healing, but this is inevitable as we encourage student writers to write about what they know best – about themselves, about their experiences and people they know. In this way, they write away their pain” (McGrane, 2006).
- **The Story Rope** (www.dorianhaarhoffwriter.homestead.com). Dorian Haarhoff is ’n digter en voormalige professor in Engels aan die Universiteit van Namibië. Hoewel hy merendeels narratiewe terapie in sy werkswinkels gebruik (kyk byvoorbeeld na die “The Story Rope”-werkswinkels), maak hy ook van poësieterapie gebruik (Haarhoff, 2007).
- **Shed some old skins** (www.making-poetry.com) word bedryf deur die skrywer, digter en storieverteller Bob Commin. Hy nooi belangstellendes op sy webtuiste uit om die volgende te ervaar: “Writing as the activity of soul ... be inspired in your creativity for those who think about writing and never do it ... have lived through a trauma and would like to write about it ... are going through great changes in their lives ... have heard that writing can heal you ... want to learn about the great magic of writing ... would like to meet and learn from others about writing. We share our wisdom and writing (if we wish) with each other” (Commin, 2007).
- **Die 2007–2008 POWA Women’s Writing Competition** (www.powa.co.za) moedig vroue in Suid-Afrika sedert 2004 aan om hulle stories met die res van die land te deel: “The POWA Women’s

Writing Competition was launched in 2004 as part of an initiative to encourage women to tell their stories from their own perspective, and by so doing contribute to the on-going discussions and debate on issues that affect them ... Part of the competition's aim is to use creative writing to tap into possibilities for emotional healing" (POWA, 2007).

- **Dancing Pencils Club** (www.umsinsi.com). Die einddoel van hierdie projek is uitsette in terme van boekpublikasies, en Felicity Keats – uitvoerende bestuurder – se ware fokus is op boekproduksie. Uit die studies van Hoek (2005) en Roodt (2006) het dit aan die lig gekom dat tekste *deur* kinders *vir* kinders as waardevolle "terapietekste" aangewend kan word: "We know that this writing is therapeutic and healing for the writers. They often take their own problems and fictionalise them and amazingly come up with a solution for the fictional character which could also be a solution for them!" (Keats, 2007). Enkele titels is reeds voorgeskrewe skooltekste in KwaZulu-Natal.

Publikasies

- **On Common Ground** (Sinani KwaZulu-Natal Programme for Survivors of Violence). Jeugdiges van 'n Durbanse township kon deelneem aan 'n skryfterapieprogram wat deur Sinani aangebied is. Anne McKay, die projekbestuurder, sê daar is "a great deal of research that shows how writing can help people overcome trauma" (aangehaal in Jeffery, 1997:7) en dat dit in projekte van die Sinani KwaZulu-Natal Programme for Survivors of Violence bewys is. Die gedigte en essays van geweldslagoffers is 'n weerspieëling van oorlog, herinneringe, drome en oproepe om vrede om die toe geweldgeteisterde KwaZulu-Natalse kinders empatie met mekaar en mekaar se omstandighede oor politieke grense heen te leer.
- **Journey to myself: Writings by women from prison in South Africa.** Dertien vroueskrywers het aan Julia Landau, die samesteller van hierdie boek, se projek deelgeneem. "The women published in this book have all committed their writing to paper from prison ... [it] is the first collection of women's creative writing from prison in South Africa that has ever been published ... [T]he impetus for this collection was to provide a healing process for any of the women in prison who wanted to participate ... and to impart an understanding about the experience of women inmates to people on the outside" (Landau, 2004:2).

TEN SLOTTE

Die aanwending van skryfwerk vir terapeutiese doeleindeste is sedert die antieke tye deel van die mediese en literêre wêrelde. Poësieterapie (eers bekend as 'n vorm van biblioterapie) is sedert die 1960's 'n aktiewe navorsingsveld wat in sekere lande as studierigting en opleidingsveld aangebied word. In Suid-Afrika lyk die prentjie egter anders. Die South African National Association of Arts bepaal dat slegs kunsterapie, dans- en bewegingsterapie en musiekterapie erkende terapeutiese velde is (Health Professions Council of South Africa (HPCSA), 1999). Daar is wel die Institute for Therapeutic Development, maar die grootste klem val egter op narratiewe terapie, as deel van pastorale berading eerder as op blote skryfsterapie. Individue wat hulle opleiding in hierdie laasgenoemde veld wil doen, sal by die internasionale liggaam, die NAPT, as poësieterapeute moet registreer.

Die poësie- en skryfsterapieprojekte wat in Suid-Afrika geloods is, en die sukses daarvan, soos duidelik sigbaar uit die voorafgaande afdeling, is 'n bewys van die bruikbaarheid van dié medium binne die groter Suid-Afrikaanse konteks. Terapeutiese bedrywe, met spesifieke oorweging vir maatskaplike probleme soos grootskaalse armoede, hoë HIV/VIGS-syfers, skreiende getalle geweldmisdade, steeds miskende regte vir vroue en minderheidsgroepe, onlangse xenofobiese aanvalle en heersende rassekonflik – om maar enkele Suid-Afrikaanse uitdagings te noem.

BIBLIOGRAFIE

- Abrams, M.H. (2005). *A glossary of literary terms*. USA: Thomson Wadsworth.
- Alschuler, M. (2000). "Healing from addiction through poetry therapy". *Journal of Poetry Therapy* 13(3):165-173.
- Amsel, P. (2003). "Community writing as a learning experience". *Journal of Poetry Therapy* 16(2):107-113.
- Berger, M.M. (1969). "Poetry as Therapy - and Therapy as Poetry". Leedy, J.J. (Ed.) *Poetry Therapy: The use of Poetry in the Treatment of Emotional Disorders*. Philadelphia & Toronto: J.B. Lippincott Company, 75-87.

Bjorklund, R.W. (1999). "Exploring diagnostic identity of psychiatric patients through poetry therapy". *Journal of Poetry Therapy* 12(4):211-217.

Blanton, S. (1969). "The use of poetry in individual psychotherapy". Leedy, J.J. (Ed.) *Poetry Therapy: The use of Poetry in the Treatment of Emotional Disorders*. Philadelphia & Toronto: J.B. Lippincott Company, 171-179.

Bolton, G. (1999). "Every poem breaks a silence that had to be overcome": The therapeutic power of poetry writing". *Feminist Review* 62(summer): 118-133.

Bolton, G. (2000). *The Therapeutic Potential of Creative Writing – Writing Myself*. London & Philadelphia: Jessica Kingsley.

Bolton, G., & Latham, J. (2004). "Every Poem Breaks a Silence That Had to be Overcome": The Therapeutic Role of Poetry Writing. Bolton, G., Howlett, S., Lago, C. and Wright, J.K. *Writing Cures – An Introductory Handbook of Writing in Counselling and Therapy*. New York: Brunner-Routledge, 106-122.

Bolton, G. (2007). "*Writing is a way of saying things I can't say*" – therapeutic creative writing: a qualitative study of its value to people with cancer cared for in cancer and palliative healthcare", MH online, <http://mh.bmjjournals.com/cgi/content/full/34/1/40> (Accessed on 09/02/2009).

Bowman, T. (2004). "Potential misuses of poetry therapy: a process of reflecting on practises". *Journal of Poetry Therapy* 17(4):223-230.

Breytenbach, B. (2007). *Die windvanger*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Carroll, R. (2005). "Finding the words to say it: The healing power of poetry therapy". *eCAM* 2(2):161-172.

Cartwright, T. (1996). "Poetry, therapy, letter-writing and the lived life. Comment on Maryhelen Snyder, Gonzalo Bacigalupe and Alfred Lange". *Journal of Family Therapy* 18:389-395.

- Commin, B. (2007). <http://dorianhaarhoffwriter.homestead.com>. (Accessed on 15/06/2007).
- Crootof, C. (1969). "Poetry therapy for psychoneurotics in a mental health centre". Leedy, J.J. (Ed.) *Poetry Therapy: The use of Poetry in the Treatment of Emotional Disorders*. Philadelphia & Toronto: J.B. Lippincott Company, 38-51.
- Davis, L. (1978). "The paraprofessional and poetry therapy". Lerner, A. (Ed.) *Poetry in the Therapeutic Experience*. New York: Pergamon Press, 108-113.
- Díaz de Chumaceiro, C.L. (2000). "A Note on Poetry Therapy in Health Care Programs". *Journal of Poetry Therapy* 13(4):219-223.
- Edgar, K.F. and Hazley, R. (1969). "Validation of group therapy as a group therapy technique". Leedy, J.J. (Ed.) *Poetry Therapy: The use of Poetry in the Treatment of Emotional Disorders*. Philadelphia & Toronto: J.B. Lippincott Company, 113-123.
- Eliot, T.S. (1957). *On Poets and Poetry*. London: Faber & Faber.
- Forrest, D.V. (1969). "The patient's sense of the poem: Affinities and ambiguities". Leedy, J.J. (Ed.) *Poetry Therapy: The use of Poetry in the Treatment of Emotional Disorders*. Philadelphia & Toronto: J.B. Lippincott Company, 231-259.
- Furman, R. (2005). "Using poetry and writing exercises to teach empathy". *Journal of Poetry Therapy* 18(2):103-110.
- Gillian, J., Gillian, M.M. and Rossiter, C. (1999). "A Guide to contemporary Multicultural North American Poetry for Poetry Therapy". *Journal of Poetry Therapy* 13(2):105-109.
- Gillispie, C. (2001). "Recovery poetry 101: The use of collaborative poetry in dual-diagnosis drug and alcohol treatment program". *Journal of Poetry Therapy* 15(2):83-92.
- Gillispie, C. (2005). "The use of collaborative poetry as a method of deepening interpersonal communication among adolescent girls". *Journal of Poetry Therapy* 18(4):97-106.
- Golden, K.M. (2000). "The use of collaborative writing to enhance cohesion in poetry therapy groups". *Journal of Poetry Therapy* 13(3):125-138.

Graham-Pole, J. (2005). "The "S" in "SOAP": Exploring the poetic connection". *Journal of Poetry Therapy* 18(3):165-170.

Greenwald, H. (1969). "Poetry as communication in psychotherapy". Leedy, J.J. (Ed.) *Poetry Therapy: The use of Poetry in the Treatment of Emotional Disorders*. Philadelphia & Toronto: J.B. Lippincott Company, 142-154.

Gustavson, C.B. (1999). "The use of poetry in exploring the concepts of difference and diversity for gifted/talented students". *Journal of Poetry Therapy* 12(3):155-160.

Haarhoff, Dorian. (2007). <http://dorianhaarhoffwriter.homestead.com/about-Dorian.html>. (Accessed on 15/06/2007).

Hambidge, J. (2002). *Ruggespraak*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Health Professions Council of South Africa (HPCSA) (1999). "Arts therapies: Scope of practice. Minimum standards of training. Guidelines for training institutions and Minimum Guidelines for Registration with the Health Professions Council of South Africa". Ongepubliseerde dokument beskikbaar by www.hpcsa.co.za (Accessed on 25/03/2007).

Hoek, F. (2005). "Poetry therapy as intervention strategy in the post-divorce adjustment of adolescent girls". Ongepubliseerde MA aan die Universiteit van die Vrystaat.

Holmes, M.M. (2004). "Writing bibliotherapy books for young children". *Journal of Poetry Therapy* 17(1):39-44.

Howard, A.A. (1997). "The effects of music therapy and poetry therapy on the treatment of women and adolescents with chemical addictions". *Journal of Poetry Therapy* 11(2):81-102.

Howlett, S. (2004). "Writing the link between body and mind: the use of writing with clients suffering from chronic stress-related medical disorders". Bolton, G., Howlett, S., Lago, S. & Wright, J.K. *Writing Cures – An Introductory Handbook of Writing in Counselling and Therapy*. New York: Brunner-Routledge, 85-94.

Hynes, A. and Hynes-Berry, M. (1986). *Biblio/poetry therapy: The interactive process: A handbook*. St. Cloud: North Star Press.

Ihanus, J. (1998). "Dancing with words: Transference and countertransference in Biblio/Poetry therapy". *Journal of Poetry Therapy* 12(2):85-93.

- Ihanus, J. (2005). "Touching stories in biblio-poetry therapy and personal development". *Journal of Poetry Therapy* 18(2):71-84.
- Ingram, M.A. (2003). "When I dream of Paris: How sociocultural poetry can assist psychotherapy practitioners to understand and affirm the lived experiences of members of oppressed groups". *Journal of Poetry Therapy* 16(4):221-227.
- Jeffery, C. (1997). "Words help heal pain of the past". *The Natal Witness* 8 Januarie.
- Keats, F. (2007). Persoonlike korrespondensie.
- Kramer, A. (1969). "The use of poetry in a private mental hospital". Leedy, J.J. (Ed.) *Poetry Therapy: The use of Poetry in the Treatment of Emotional Disorders*. Philadelphia & Toronto: J.B. Lippincott Company, 200-211.
- Landau, J. (Ed.) (2004). *Journey to myself: Writings by women from prison in South Africa*. Rondebosch: Footprint.
- Lauer, R. (1978). "Abuses of Poetry Therapy". Lerner, A. (Ed.) *Poetry in the Therapeutic Experience*. New York: Pergamon Press, 72-80.
- Lee, M. (2006). "Poems in the waiting Room: Aspects of poetry therapy". *Journal of Poetry Therapy* 19(2):91-98.
- Leedy, J.J. (1969). "Principles of poetry therapy". Leedy, J.J. (Ed.) *Poetry Therapy: The use of Poetry in the Treatment of Emotional Disorders*. Philadelphia & Toronto: J.B. Lippincott Company, 67-74.
- Lerner, A. (ed.) (1978). *Poetry in the Therapeutic Experience*. New York: Pergamon Press.
- Lerner, A. (1991). "Some semantic considerations in poetry therapy". *Et cetera Summer*.
- Lindner, V. (2004). "The tale of two Bethanies: Trauma in the Creative Writing Class". *International Journal for the practice and theory of creative writing* 1(0):6-14.
- Longo, P. (2005). *Poetry as Therapy*. Beskikbaar by die Sanctuary Psychiatric Centers' Information Network. <http://www.spcsb.org/advoc-poetryx.html> (Accessed on 25/03/2007).

- Malan, M. (2007). "Kombuis rock sy wanhoop weg". *Beeld* 21 Maart.
- Malchiodi, C.A. (2005). *Expressive Therapies*. New York: The Guilford Press.
- Mazza, N. (1981). "The use of poetry in treating the troubled adolescent". *Adolescence* 16(62):403-408.
- Mazza, N. (2003). *Poetry Therapy: Theory and Practice*. New York and Hove: Brunner-Routledge.
- McArdle, S. and Byrt, R. (2001). "Fiction, poetry and mental health: expressive and therapeutic uses of literature". *Journal of Psychiatric & Mental Health Nursing* 8(6):517-524.
- McGrane, M. (2006). "Poetry is the language of the soul, the lingua franca of dreams. In conversation with poet, playwright and writing teacher Angifi Dladla." http://www.oulitnet.co.za/relax/angifi_dladla_interview.asp (Accessed on 25/03/2007).
- Meunier, A. (1999). "Establishing a Creative Writing Program as an adjunct to vocational therapy in a community setting". *Journal of Poetry Therapy* 12(3):161-168.
- Meyer, R. (2007). "Dagboek na gesondheid". *Vrouekeur* 28 Februarie.
- National Association of Poetry Therapy (NAPT) (2007). <http://www.poetrytherapy.org/-history.html>. (Accessed on 15/06/2007).
- Oaklander, V. (1988). *Windows to our Children: A Gestalt Therapy Approach to Children and Adolescents*. New York: The Gestalt Journal Press.
- Ospina-Kammerer, V. (1999). "Poetry Therapy within a Therapist's Practical Model". *Journal of Poetry Therapy* 12(3):169-175.
- Owens, D.C. (2005). "The Psalms: 'A therapy of words'". *Journal of Poetry Therapy* 18(3):133-152.
- Papadopoulos, A. (1999). "Evaluating a therapeutic poetry group for older adults". *Journal of Poetry Therapy* 13(1):29-37.

- Parker, R.S. (1969). "Poetry as therapeutic art". Leedy, J.J. (Ed.) *Poetry Therapy: The use of Poetry in the treatment of emotional disorders*. Philadelphia & Toronto: J.B. Lippincott Company, 155-170.
- Pehrsson, D.E. and McMillen, P. (2005). "Bibliotherapy evaluation tool: Grounding counsellors in the therapeutic use of literature". <http://counselingoutfitters.com/Pehrsson.htm> (Accessed on 26/03/2007).
- Perakis, C.R. (2000). "Poetry or Medicine". *Journal of Poetry Therapy* 13(4):225-229.
- Perls, F.S., Hefferline, R.F. and Goodman, P. (1971). *Gestalt Therapy: Excitement and Growth in Human Personality*. New York: Julian Press.
- Pienaar, P.A. (2004). "Analysing guided and recorded self-generated visual and expressive personal constructs as adjuncts to the counselling process". Ongepubliseerde MA aan die Universiteit van Pretoria.
- Preller, M. (2003). *Eendag was daar 'n storie!: Joernaal van 'n reis en praktiese storiemaakkursus*. Kaapstad: Tafelberg.
- Prins, J. 2007(a). "Hou duim vas (en hou By dop!)". *By (Saterdag-bylaag tot Beeld)* 24 Maart.
- Prins, J. 2007(b). Persoonlike korrespondensie.
- POWA-webtuistes. Launch of the 2006 POWA Women's Writing Anthology and the 2007 POWA Women's Writing Competition.
<http://www.powa.co.za/Display.asp?ID=73> (Accessed on 26/03/2007).
- Roodt, Z. (2006). "Writing in therapy: A Gestalt approach with an adolescent". Ongepubliseerde MA aan die Universiteit van Suid-Afrika.
- Roy, E., Casanova, M. F. en Jerath, V. (2004). "Autistic poetry as therapy". *Journal of Poetry Therapy* 17(1):33-38.
- Sawyer, C.B. and Hunter, D. (2004). "Create through me, Oh God this hurts: Creative writing, spirituality, and insanity". *Journal of Poetry Therapy* 17(4):199-207.
- Schloss, G.A. and Grundy, D.E. (1978). "Action techniques in psychotherapy". Lerner, A. (Ed.) *Poetry in the Therapeutic Experience*. New York: Pergamon Press, 81-96.

- Schoeman, J.P. and Van der Merwe, M. (1996). *Entering the child's world. A play Therapy Approach*. Pretoria: Kagiso.
- Shakespeare, William (1993). *Macbeth*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Smith, M.A. (2000). "The use of poetry therapy in the treatment of an adolescent with borderline personality disorder: A case study". *Journal of Poetry Therapy* 14(1):3-14.
- Spring, J. (2003). "Therapeutic SOULSPEAK: The use of ancient oral poetry forms in therapy". *Journal of Poetry Therapy* 16(4):199-216.
- Springer, W. (2006). "Poetry in therapy: A way to heal for trauma survivors and clients in recovery from addiction". *Journal of Poetry Therapy* 19(2):69-81.
- Stepakoff, S. (1997). "Poetry therapy principles and the practices for raising awareness of racism". *The Arts in Psychotherapy* 24(3):261-274.
- Tamura, H. (2001). "Poetry therapy for schizophrenia: a linguistic psychotherapeutic model of renku (linked poetry)". *The Arts in Psychotherapy* 28:319-328.
- Vaandrager, C. and Pieterse, H.J. (2008). "The pen and the couch: Possibilities for creative writing and narrative therapy in South Africa". *The Social Work Practitioner-Researcher/Die Maatskappelkwerk Navorsers-Praktyk* 20(3):391-406.
- Van Rooyen, J.C.W. (1987). *Censorship in South Africa*. Kenwyn: Juta.
- Warren, P. (2005). "Brief Report – The color of sharing: Using realia in poetry therapy to invite intimacy". *Journal of Poetry Therapy* 18(2):111-112.
- Zinker, J. (1977). *Creative process in Gestalt Therapy*. New York: Vintage Books.